

DIE OPROEP TOT DISSIPELSKAP

'n Oproep tot dissipelskap gaan uit vanaf Jesus die Messias aan elkeen wat deur geloof aan Hom behoort. Die besluit om sy roeping te antwoord is 'n saak waarvoor elke gelowige moet besluit. Die Bybel leer ons dat dissipelwording 'n eenmalige toewyding en 'n voortdurende verbintenis vereis. Ons nooi jou om dr. Fruchtenbaum se artikel, *Die geestelike lewe en dissipelskap* te bestudeer om die proses van dissipelmaking beter te verstaan. Al wat dit van jou verg, is 'n bietjie tyd en moeite.

Jesus Christus het sy studente opdrag gegee om dissipelmakers te wees. Hy het die mantel van verantwoordelikheid vir toekomstige dissipelmaking-bedrywighede by sy hemelvaart om die skouers van dié wat Hy 'vriende' genoem het, gehang. Jesus se *talmidim* (dissipels) het geslagte lank dit wat hulle by hul leermeesters geleer het, oorgedra aan dié wat in hul voetstaptes sou volg.

Om 'n dissipel te word en dissipels te maak is nie die resultaat van 'n program wat 'n produk voortbring nie. Dit is die resultaat van verhoudings wat om die sentrale belangrikheid van God se Woord gebou word. As 'n mens na Jesus se lewe kyk, kan 'n mens duidelik vier opeenvolgende stadiums in die dissipelmakingsproses onderskei:

1. Kom kyk (Johannes 1:35-39)
2. Volg My (Markus 1:17)
3. Wees saam met My (Markus 3:14)
4. Bly in My (Johannes 15:7-8)

Ariel Ministries het hierdie waarneming as 'n konstruktiewe manier gebruik om hul leermateriaal vir dissipelskap-opleiding te benoem en te orden. FaithEquip het hierdie leermateriaal-artikels van Engels na Afrikaans vertaal en maak dit gratis aan u beskikbaar. Aan die begin van sy bediening het Jesus bloot sy voornemende *talmidim* genooi om te "Kom kyk". Hy het nie aangeneem dat hulle meer weet as wat hulle werklik geweet het nie. Hy het slegs verwag dat hulle moet waarneem, luister en leer. Hy het sy voornemende wêreldwoekeraars se aandag skerp op die grondwaarhede gefokus, waarvan die eerste was dat daar slegs één korrekte vertolking van enige teksgedeelte in die Skrif is ... die een wat Hy bedoel het.

Ter navolging van die Meester se voorbeeld, nooi ons jou dus hiermee om te "Kom kyk". Ons moedig jou aan om 'n opwindende ontdekkingsreis aan te pak. Langs die pad sal jy 'n lewenskragtiger geestelike lewe ervaar namate jou begrip van Jesus se Woord vanuit 'n Joodse perspektief toeneem. Jy sal leer hoe om Skrifwaarhede en God se diepsinnige boodskap meer doeltreffend oor te dra, 'eerste vir die Jood en ook vir die Griek'.

Vyftig van dr. Fruchtenbaum se klassieke Messiaanse Bybelstudies in geskrewe PDF-formaat is noukeurig uitgesoek vir hierdie stadium van jou dissipelskap-opleiding. Al vyftig studies is dag en nag heeltemal gratis op die webwerf van FaithEquip beskikbaar.

Tesame met Ariel Ministries is FaithEquip se gebed dat baie van julle sal besluit om 'n bybelse dissipelmaker te word wat hierdie materiaal gebruik. Party sal besluit om verder te gaan na die 'Volg My'-stadium en aktiewe 'vissers van mense' word. Ons vra dat jy eers die 'Kom Kyk'-stadium sal voltooi voor jy aangaan. Om die vervulling van ons doel te verwesenlik, is FaithEquip en Ariel Ministries daartoe verbind om hulpbronne te verskaf wat jou sal help om te groei in jou geloof, om meer aan Christus se beeld gelyk te word, en om jou vrymoedigheid te gee om ander te nooi om die proses saam met jou aan te pak.

KURSUSBESKRYWING

Hierdie inleidende kursus is deur Ariel Ministries ontwikkel om aan Bybelstudente 'n breë oorsig van kritieke teologiese onderwerpe te gee. As dit sistematies (in die regte volgorde) bestudeer word, bou elke les voort op die vorige konsepte om 'n bybelse grondslag te vestig wat noodsaaklik is vir die geestelike groei en volwassenheid van die gelowige in Jesus die Messias – of te wel Jesus die Christus. Die gewenste uitwerking van hierdie sistematiese studie is 'n toenemende vermoë deur die dissipel (*talmid*) om die waarheid van die transformerende krag van God se Lewende Woord deur sy lewe te illustreer én met sy woorde te verkondig.

VEREISTE LESINGS

Daar word van die student verwag om die inhoud van al 50 van die noukeurig uitgesoekte Messiaanse Bybelstudies voldoende te bemeester. Die studies is vryelik op FaithEquip se webwerf beskikbaar (en ook in Engels by www.ariel.org). Daar word aanbeveel dat die lesse in die volgorde bestudeer word waarin dit op die skedule verskyn. Hierdie volgorde stem ooreen met 'n beproefde stelsel wat duidelik sal word namate die student se begrip

toeneem. Die student behoort 'n gedissiplineerde benadering tot die materiaal te ontwikkel en dienooreenkomstig te werk om dit te voltooi.

AANLYN-VASVRAE

'n Vasvra is vir elke betrokke Messiaanse Bybelstudie in Engels by www.ariel.org beskikbaar. Dit is ongelukkig nie in Afrikaans beskikbaar nie. Die vasvrae is ontwikkel as 'n bykomende hulpbron wat die student kan gebruik as 'n manier van oefen en om hul kennis van die materiaal te meet. Voltooi gerus die vasvrae so dikwels soos wat jy wil. Die vasvrae werk op 'n eerlikheidsgrondslag en is 'oopboek'-vasvrae. Die slaagsyfer is 80%, maar ons moedig jou aan om te streef na 100% akkuraatheid. Maak 'n drukstuk van die vasvrae met jou beste telling en liasseer dit. Suksesvolle voltooiing van al vyftig vasvrae sal jou in staat stel om voort te gaan met die "Volg My"-stadium van dissipelskap-opleiding.

KURSUSVOLTOOIINGSTYD

Geskat op 12 tot 18 maande. Aangesien die Messiaanse Bybelstudies in geskrewe PDF-formaat (en ooreenstemmende vasvrae in Engels) heeltemal gratis is, en dag en nag aanlyn beskikbaar is, is studente welkom om deur die materiaal te werk teen 'n tempo wat by hul program pas. Soos vroeër genoem, is dit egter belangrik om 'n gedissiplineerde benadering te volg en om die opleiding uiteindelik te voltooi.

OPSIONELE STUDIEHULPBRON

Major Bible Themes deur dr. Lewis Sperry Chafer, hersien deur dr. John F. Walvoord. Hierdie boek is opsioneel maar 'n goeie hulpbron om op jou boekrak te hê. Dr. Arnold Fruchtenbaum was 'n student van dr. Charles Ryrie (Teologieprofessor, DTS), wat op sy beurt 'n student was van dr. Lewis Sperry Chafer wat in 1924 die stigter van Dallas Theological Seminary was. Kan jy die dissipelmakingsproses sien? Hierdie boek is teen 'n billike prys by Ariel Ministries (www.ariel.org) beskikbaar.

VOORGESTELDE GEBRUIK

1. Kry 'n klein verantwoordbaarheidsgroep, identifiseer 'n leier en vergader op 'n gereelde grondslag om die lesse te bespreek.
2. Teken die dinge wat jy leer in 'n notaboek aan.
3. Dink na oor die dinge wat jy geleer het en bid daarvoor.
4. Laastens, deel dit wat jy leer met iemand wat jy ken, want dit is wat 'n toegewyde dissipel doen. FaithEquip hoop dat dit tot stigting vir jou sal wees.

WAT IS DISSIPELMAKING?

Dr. Arnold Fruchtenbaum se bediening was tot dusver hoofsaaklik 'n onderrigbediening. Hy het die voorreg gehad om aan mense dwarsdeur die wêreld onderrig te gee oor die Bybel vanuit 'n Joodse perspektief. In Psalm 90 het Moses Israel opdrag gegee om hul dae te tel, dus tel hy nou syne nou dat sy dae aanstap. Vandat Ariel Ministries begin het, bid hy dat, as sy lewe verby is, hy onthou sal word as 'n getroue Bybeldosent, en dat ander mense danksy Ariel se bediening in 'die Messias se voetspore' sal volg. Maar hoe sal hy weet of hy sy Godgegewe lewens-taak doeltreffend voltooi het? En hoe sal jy weet of jy die wedloop suksesvol afgelê het?

Dissipelmaking is – in sy eenvoudigste vorm – 'n een-tot-een-proses. God gebruik dikwels konferensies, konserte en ander geleenthede om gelowiges in Jesus aan te spoor om sy volgelinge te word. Maar om 'n dissipel van Jesus te word gebeur nie tydens 'n christelike megageleentheid of 'n twaalf weke lange studiekursus nie. Dissipelmaking gebeur slegs wanneer God hegte verhoudings gebruik wat mense met verloop van tyd gesmee het. Dissipelmaking is 'n verhoudingsproses. Dissipels word nie in grootmaat op 'n monterlyn geproduseer nie. Elke dissipel word een-een deur ons Skepper se liefdevolle hande gevorm. Die proses behels twee elemente: Bybelkennis en die toepassing van daardie kennis. Aan die een kant kan Bybelkennis op sy eie 'n mens trots maak; aan die ander kant kan 'n mens nie toepas wat jy nie ken nie. Albei elemente moet saamsmelt in 'n dissipel se lewe: kennis en toepassing.

Jesus was die beste dissipelmaker in die hele geskiedenis. Maar selfs Jesus het Homself aan die dissipelmakingsproses onderwerp. In 'n profetiese uitspraak oor die Christus sê Jesaja 50:4: *DIE Here HERE het My 'n geoefende tong gegee, dat Ek kan weet om die vermoede te verkwik met woorde; Hy wek elke môre, Hy wek my oor om te hoor soos die leerlinge.* Die God-Mens het, ná 30 jaar se persoonlike instruksie deur sy Vader, sy bedie-

ning begin deur sy binnekring-onderrigtyd te beperk tot twaalf mans. Uit daardie bevoorregte groepie, was slegs drie saam met Hom by die verheerliking op die berg.

Dink aan die voorbeeld van Rabbi Sha'ul (die apostel Paulus) met sy jong *talmid* (discipel) Timótheüs. *Wat jy van my gehoor het onder baie getuies, vertrou dit toe aan getroue manne wat bekwaam sal wees om ook ander te leer* (2 Tim 2:2). Paulus was Timótheüs se leermeester, beskermer en bemoediger. Toe Timótheüs uiteindelik na jare se studie en oefening gereed was stuur sy mentor hom om die dissipelmakingsproses in Éfese te dupliseer.

Ariel Ministries is sedert 1977 verbind tot die dissipelmakingsproses. Van 1978 tot 1981 het dr. Fruchtenbaum self 'n klein groepie mans geleer hoe om die Skrif te lees, te bestudeer, te vertolk en toe te pas met die Joodse oorsprong daarvan in gedagte. Baie van hierdie mans het dit wat hulle deur harde werk geleer het, getrou oorge- dra. Hul studente het, op hul beurt, aan ander oorge- dra wat hulle geleer het deur aan hul leermeesters se voete te sit. Die konsepte wat dr. Fruchtenbaum aan sy eerste dissipels geleer het, vorm die kern van Ariel Ministries se Sistematiese Teologie (sien www.ariel.org); die **Kom Kyk Dissipelskapkursus** is 'n inleiding tot hierdie Sistematiese Teologie kursus.

Ariel Ministries het 'n strategiese plan om oral dissipels te maak. Die eerste stap is om dié mense te identifiseer wat die **Kom Kyk Dissipelskapkursus** voltooi het, wie se lewens deur die sistematiese studie van die Skrif verander is. Tweedens wil Ariel Ministries hierdie "dissipels in wording" help om Jesus se opdrag te gehoorsaam om self heen te gaan en dissipels te maak. Laastens wil Ariel Ministries hierdie ontluikende dissipelmakers oplei om uit te reik na ander met Jesus se oproep om self dissipels te word.

Ons gebed is dat God Ariel Ministries, in vennootskap met ander bybels getroue Messiaanse bedienings, sal gebruik om die Kerk opnuut bewus te maak van haar historiese Joodse herkoms. Ons glo dat die afwesigheid van hierdie historiese grondslag daartoe bygedra het dat die Kerk deur die eeue baie vals leerstellinge verkondig het. Die Kerk sal slegs krag van die *Ruach HaKodesh* (die Heilige Gees) ontvang om 'n hernude, kragtige getuie in die wêreld te wees 'eerste vir die Jood en ook vir die Griek' (Rom 1:16) as sy na die suiwer leer terugkeer. Ons nooi jou uit om by Ariel Ministries en ander dwarsdeur die wêreld aan te sluit in die dissipelmakingsproses.